Die TRANSVALER, WEDNESDAY 24 MAY 1972.

TIMOL HAD 7 BESERINGS VOOR DOOD

Deur 'n Hofverslaggewer

TIMOL het minstens sewe beserings aan sy liggaam gehad wat hy moontlik 'n paar dae voor sy dood kon opgedoen het. Een hiervan was met „krag" veroorsaak.

Dié getuienis is gister in die Johannesburgse landdroshof deur 'n senior staatspatoloog, dr. N. J. Schepers, gelewer. Hy was die eerste mediese getuie in die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol, die Indiër wat verlede jaar dood is nadat hy uit die tiende verdieping op John Vorstersplein geval het.

Dr. Schepers het getuig dat Timol o.m. die volgende beserings moontlik voor sy dood kon opgedoen het: 'n kneusplek op die regtersleutelbeen wat vier tot agt dae oud kon wees; kneusplekkies en 'n rofie op die heup — dit kon vier tot agt dae oud gewees het; 'n skaafplek met 'n roof op die regterelmboog van vier tot agt dae oud; kneusplekke op die regterblad asook op die regterdy en kneusplekke en 'n skaafmerk op die regterarm.

Dr. Schepers het in kruisverhoor toegegee dat een van dié beserings, 'n langwerpige skaafplek aan die regterelmboog, deur enige geweld wat die arm teen 'n harde voorwerp gedruk of geskuur het, veroorsaak kon gewees het. Hy het gesê dit kon moontlik deur 'n skop met 'n skoen veroorsaak gewees het.

Op die regterboarm was daar ook 'n aantal ronde kneusmerke wat volgens dr. Schepers „vars" beserings was en 12 tot 24 uur voor Timol se dood en selfs met of net na sy dood opgedoen kon gewees het.

Op 'n vraag van adv. I. A. Maisels (namens die Timol-gesin) het dr. Schepers gesê die merkies kon moontlik deur vingers veroorsaak gewees het, maar na sy mening toon dit nie die patroon van 'n hand wat vat nie.

Oor die roof op die oorledene se regtervoorarm wat hy tussen vier tot agt dae voor sy dood kon opgedoen het, het dr. Schepers gesê dit is moeilik om te probeer bepaal wat die besering veroorsaak het.

„Mens moet egter aanvaar dat dié besering krag gehad het. Ek beskou die besering as 'n skaaf- én 'n kneusplek."

'n Kneusplek op die borskas wat ook 'n paar dae oud was, kon volgens dr. Schepers veroorsaak gewees het deur 'n stampgeweld wat die borskas getref het, 'n skop, 'n vuishou, of deur 'n stomp voorwerp.

Dr. Schepers het gister die hele dag getuig. Hy het die lykskouing op Timol op 29 Oktober uitgevoer. Dit was twee dae na Timol se dood. Dr. Schepers het getuig dat die oorsaak van sy dood „veelvuldige beserings" is.

Die lys van beserings wat aan Timol gevind is, beslaan drie folio-bladsye. In die skedel was daar onderkopvelbloeding aan weerskante van die voorkop en die basis van die skedel was gebars. Vier ander krake in die skedel is ook in die hof beskryf.

In die brein self was oral bloeding aanwesig. 'n Deel van die brein was geskeur en daar was stukkies been in.

Die neusbene was gebreek, die regterbokaak en linkerbokaak asook die linkeronderkaak het frakture bevat, het dr. Schepers getuig.

In Timol se borskas was sowat 13 ribbes gebreek. Die longe het bloed bevat. Timol se lewer was geskeur en in sy maag kon die oorblyfsels van aartappelskyfies onderskei word.

Die ondersoek sal vandag hervat word.

DR. N. J. SCHEEPERS, staatspatoloog